


# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Februarie 2021 Uitgawe 2



**Passionate  
about  
small-scale  
farming**

**Page 11**



**COVID-19  
vaccines  
arrive in SA**

**Page 6**

## COVID-19 restrictions eased



**Allison Cooper**

The steady decline of new Coronavirus Disease (COVID-19) infections over the past few weeks has resulted in the easing of some of the adjusted level 3 lockdown regulations.

Addressing the nation recently, President Cyril Ramaphosa said South Africa has recorded its lowest daily increase in infections since the beginning of December and the number of hospital admissions has decreased. "This indicates that the country has passed the peak of the second wave," he confirmed.

The President thanked citizens for adhering to the adjusted level 3 lockdown regulations, stating that the measures necessary to contain the spread of the virus have caused great hardship and difficulty for some people.

"We are acutely aware that these restrictions have negatively affected businesses and threatened jobs in the hospitality, tourism and related industries. That is why we are determined that such restrictions should not continue any longer than is absolutely necessary to contain the pandemic and minimise the loss of life.

"We will continue to work with business and labour in these sectors to revive busi-

nesses and restore jobs, both in the immediate and longer term," the President confirmed.

### Adjusted level 3 regulations

Cabinet has eased the following adjusted level 3 regulations:

- Curfew is from 11pm to 4am.
- Establishments must close

by 10pm.

- Faith-based gatherings are permitted, subject to health protocols. They may not exceed 50 people (indoor venues) or 100 people (outdoor venues). Where the venue is too small to accommodate these numbers with appropriate social distancing, no more than 50% of the capacity of the venue may be used.
- Public places such as beaches, dams, rivers, parks and public swimming pools are open, subject to health protocols.
- The sale of alcohol by licensed premises for off-site consumption is allowed from Monday to Thursday, from 10am to 6pm.

**Cont. page 2**



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES  
LEER VAN MADIBA



# 'n Eer om die AU te lei

**Suid-Afrika se termyn as voorsitter van die Afrika-unie het ten einde geloop. Wanneer ons oor ons jaar in hierdie posisie besin, onthou ek die ou spreekwoord wat lui: "Van die nood 'n deug maak."**

Dit was 'n vuurdoop, omdat ons die voorsitterskap oorgeenem het in dieselfde maand as wat die eerste geval van die koronavirus op die kontinent aangemeld is.

Die prioriteite wat ons vir ons termyn gestel het, waaronder die uitbreiding van vrede en sekuriteit, die ekonomiese bemagtiging van vroue en 'n verdieping van ekonomiese integrasie, moes onmiddellik en ingrypend aangepas word om ons op die pandemie toe te spits.

Ons dringendste taak was om die fokus van die Afrika-unie te rig op die hantering van die ergste wêreldwye noodsituasie in meer as 'n eeu.

COVID-19 het al die lande op die kontinent geaffekteer. Tot op hede is daar meer as 3,5 miljoen bevestigde gevalle in Afrika, en meer as 88 000 mense het gesterf.

Dit was 'n gesondheids-, humanitaire, sosiale en ekonomiese krisis vir Afrika-lande, en die meeste van hierdie lande beskik nie oor voldoende hulpbronne om 'n gesondheidskrisis van so 'n omvang te hanteer nie.

En tog, so ongeëwenaard as wat die aard van hierdie pandemie tot dusver was, so ongeëwenaard was ook die wyse waarop Afrika-lande saamgestaan het om dit te beveg.

Ons het hoofsaaklik op die kontinent se eie kundigheid, vermoëns en instellings ge-



steun, waaronder die Afrika Sentrum vir Siektebeheer en -voorkoming (Africa CDC).

Afrika het nie net passief sit en toekyk hoe die werklike omvang en gevaar van die pandemie ontvou nie. Sedert die vroegste dae van die pandemie is daar onder leiding van die AU spoedig 'n kontinentale reaksie-strategie ontwikkel wat aangedryf is deur die Afrika CDC en streekstaatmagte.

Ons het besef dat elke land op die kontinent ernstig deur die pandemie geraak sou word. Die meeste lande sou nie oor die nodige hulpbronne beskik om die uitdagings van die openbare gesondheidsektor te hanteer of hulle ekonomiese te beskerm nie. Ons het daarom as Afrika-lande ooreengekom om verskeie prominente Afrikanne aan te wys as spesiale verteenwoordigers om met internasionale befondsers en multilaterale instellings in gesprek te tree om Afrika se saak vir finansiële ondersteuning en skuldverligting te stel.

Op hierdie wyse was ons, deur as 'n kontinent saam te werk, in staat om skuldverligting en finansiële hulp

vir baie lande ten opsigte van ons COVID-respons en ekonomiese herstel te beding.

Maar al het Afrika-lande hulle na die internasjonale gemeenskap gewend vir hulp, het ons eers onself gehelp-deur 'n kontinentale COVID-19-reaksiefonds op te rig en te kapitaliseer.

Vir elke vennootskap wat met lande met meer hulpbronne asook die internasjonale skenkergemeenskap aangegaan is, het ons ons eie innoverende en baanbreker Afrika-mediese voorraadportaal gevëstig om alle Afrika-lande in staat te stel om vinnig persoonlike beskermende toerusting en ander mediese voorraad op 'n billike en bekostigbare wyse te bekom.

En nou dat die COVID-19-entstof beskikbaar is, het ons as 'n kollektief saamgewerk om te verseker dat die kontinent sy regverdige deel kry deur saam met die CO-VAX-fasiliteit te werk, geleid deur ons eie entstoakaatspan (*African Vaccine Acquisition Task Team*). Ontplooiing van die entstof het reeds 'n aanvang geneem op die kontinent en ons streef daarna om die meerderheid van die kontinent se bevolking teen

die einde van 2021 ingeënt te hê om kudde-immunititeit te bereik.

Ons het soos een mens opgetree om gesondheid, mense en mense se bestaansmiddele op die kontinent te beskerm. Deur dit te doen, het ons gevys dat ons die kapasiteit het om na onsself te kyk en oor die vermoë beskik om ons eie ontwikkeling aan te dryf.

Ongeag die oorheersing van COVID-19, het ons nog steeds daarin geslaag om in talle van ons sleutelprioriteite vordering te maak.

Tydens ons termyn is die Afrika Kontinentale Vryehandelsgebied (AfCFTA) uiteindelik bekendgestel, wat 'n nuwe era van intra-Afrika handel- en ekonomiese integrasie inlui.

Selfs onder die moeilike omstandighede weens die pandemie het die kontinent voortgestu om die "gewere op die kontinent stil te maak." Die AU was onder andere aktief betrokke in onderhandelinge rakende die Groot Ethiopiese Renaissance-dam, die bewerkstelliging van 'n skietstilstand in Libië sowel as die bevordering van vrede in Suid-Soedan.

Nog 'n fokuspunt van ons termyn was die ekonomiese bemagtiging van vroue, waarmee ons sal voortgaan al het ons termyn verstryk, en ook regdeur die Afrika-vrouese Dekade van Finansiële en Ekonomiese insluiting tot 2030.

Wanneer ons dan nou die stokkie oorgee aan die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRC), laat ons hierdie voortreflike kontinentale liggaam in 'n sterker posisie.

Suid-Afrika sal voortgaan om sy kant te bring om in-

tegrasie op die kontinent te bewerkstellig, en sal die inkomende voorsitter sowel as die organisasie ondersteun in sy pogings om die aspirasies van die AU se Agenda 2063 te bereik.

Toé die Organisasie vir Afrika-eenheid in 1963 gestig is, het lidstate die saadjies van samewerking en solidariteit in navolging van 'n beter lewe vir al die mense van Afrika gesaai.

Hulle het bevestig dat Afrika-eenheid van die grootste belang is om die welsyn en welvaart van Afrika se mense te verseker.

Die geskiedenis kan getuig dat hierdie saadjies nie altyd in vrugbare grond geväl het nie en deur die jare het die kontinentale eenheidsprojek baie struikelblokke teëgekom of onsuksesvolle wegspring-pogings gehad.

Maar die groot bedreiging wat hierdie pandemie ingehou het, het Afrika-lande tot kollektiewe aksie saamgesnoer.

In die kweekhuis van die COVID-19-krisis het die saadjies van eenheid en samewerking wat deur ons baanbreker-voorvaders geplant is, lewe gekry en gebloom.

Hierdie tydperk van groot beproewing en swaarkry was van die AU se beste tye.

Ons is geëerd om die geleenthed te kon hê om die organisasie deur hierdie tydperk te lei toe dit die ware betekenis van die woorde Afrika-unie prakties kon demonstreer.

Dit is 'n prestasie waarop al die inwoners van ons kontinent Afrika baie trots behoort te wees en waaruit hulle groot inspirasie behoort te put.

# COVID-19 vaccines arrive in SA

Allison Cooper

**S**outh Africa's fight against the Coronavirus Disease (COVID-19) took a big step forward with the arrival of one million AstraZeneca vaccines (Covishield), manufactured by the Serum Institute of India (SII) recently.

South Africa's fight against the Coronavirus Disease (COVID-19) took a big step forward with the arrival of one million AstraZeneca vaccines (Covishield), manufactured by the Serum Institute of India (SII) recently.

President Cyril Ramaphosa that received the vaccines at



the OR Tambo International Airport.

"Now that the vaccines have arrived, they will be tested at the National Control Laboratory to confirm that their integrity has been maintained during transportation. After testing, they will be distributed across the country to thousands of our healthcare workers who every day put their own lives

at risk to save others," says President Ramaphosa.

The distribution of vaccines to healthcare workers is phase one of South Africa's mass COVID-19 vaccination programme.

The National Department of Health will coordinate the vaccine rollout with provincial health departments and the private healthcare sector.

"Provincial health depart-

ments have submitted their distribution plans and we have identified about 200 facilities to which the vaccines can be distributed," the President says.

No-one will pay for their vaccination. The cost will either be covered by a person's medical aid or by the State.

President Ramaphosa says the vaccine will be available to all adults living in South Africa, regardless of their citizenship or residence status.

While encouraging citizens to get vaccinated, he also stressed that no one will be forced to take the vaccine. "Nobody will be forbidden from travelling, from enrolling at school, or from taking part in any public activity if they have not been vaccinated. Nobody will be given this vaccine against their will, nor will the vaccine be administered in secret. Any

rumours to this effect are both false and dangerous."

## How to access the vaccine?

The Department of Health has developed the Electronic Vaccine Data System (EVDS) to streamline the vaccine registration and rollout process.

"This will allow us to capture all relevant data associated with the administration of the vaccine. The system allows a person to make an appointment as soon as they qualify for a vaccination, at the vaccine centre closest to them. The system will record vaccinations as they are administered," President Ramaphosa explains.

Health Minister Dr Zweli Mkhize launched the EVDS recently and urged all active healthcare workers to register on the portal (<https://vaccine.enroll.health.gov.za>).

# COVID-19 entstof: Wat jy moet weet

Allison Cooper

**M**et Suid-Afrika se grootskaalse koronavirus (COVID-19)-inentingsprogram wat in Februarie vir gesondheidswerkers ontplooい word, werp Vuk'uzenzele 'n bietjie lig op wat die COVID-19-entstof is en waarom dit so belangrik is om die verspreiding van die virus te bekamp.

**Wat doen 'n entstof?**  
'n Entstof leer jou liggaam se immuniteitstelsel (wat infeksie beveg) om teenliggaampies (proteïene wat siektes beveg) te vervaardig – presies soos dit sou doen as jy aan 'n virus blootgestel sou word.

## Hoekom is die entstof so belangrik?

Inenting teen COVID-19 is 'n doeltreffende manier om jouself teen die virus te beskerm, want jy het 'n verminderde risiko op infeksie. Die kans

is dan ook kleiner dat jy die virus aan iemand anders sal oordra.

Die doelwit van inenting is om kudde-immunititeit te bereik – wanneer genoeg mense van die bevolking immuun teen die virus is, verskaf dit indirek beskerming aan diegene wat nie immuun is nie, wat die verspreiding van die virus onder beheer bring.

## Is entstowwe noodsaaklik om die verspreiding van COVID-19 te voorkom?

Daar is oorweldigende wetenskaplike bewyse dat inenting die beste verdedigingsmeganisme teen ernstige infeksies is.

## Sal die entstof voorkom dat ek COVID-19 kry?

Geen entstof bied 100% beskerming nie.

Kudde-immunititeit bied ook nie volledige beskerming aan diegene wat nie ingeënt is nie, alhoewel hierdie mense



tog beduidende beskerming sal geniet.

## Is die entstof veilig?

COVID-19-entstowwe ondergaan 'n veeleisende, multifase-toetsproses, insluitend kliniese proewe waaraan tienduisende mense deelneem.

Elke entstof wat in Suid-Afrika se grootskaalse entstofprogram gebruik word, moet deur die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (SAHPRA) goedgekeur word.

Die Oxford Universiteit-AstraZeneca-entstof is reeds deur verskeie reguleerders regoor die wêreld goedge-

gegee word aan essensiële werkers soos onderwysers, die polisie, munisipale werkers, taxibestuurders en ander frontliniepersoneel; mense in inrigtings en tehuisse soos ouetehuise, skuilings en tronke; asook mense ouers as 60 en volwassenes met onderliggende siektetoestande.

In Fase Drie sal ongeveer 22,5 miljoen van die oorblywende bevolking ingeënt word.

Die mikpunt is om 67% van die bevolking teen die einde van 2021 in te ent. Ons behoort dan kudde-immunititeit te bereik.

## Waarvandaan kry Suid-Afrika sy eerste entstowwe?

Die eerste twee besendings entstowwe wat na Suid-Afrika toe kom (een miljoen in Januarie en 500 000 in Februarie) is die Oxford Universiteit-AstraZeneca-entstof van die Serum-instituut van Indië.

## Wie gaan die entstof eerste kry?

Die land se geskatte 1,25 miljoen gesondheidsorgwerkers gaan die entstof eerste kry. In Fase Twee sal prioriteit

gegee word aan essensiële werkers soos onderwysers, die polisie, munisipale werkers, taxibestuurders en ander frontliniepersoneel; mense in inrigtings en tehuisse soos ouetehuise, skuilings en tronke; asook mense ouers as 60 en volwassenes met onderliggende siektetoestande.

In Fase Drie sal ongeveer 22,5 miljoen van die oorblywende bevolking ingeënt word.

Die mikpunt is om 67% van die bevolking teen die einde van 2021 in te ent. Ons behoort dan kudde-immunititeit te bereik.

**Wie koop die entstof aan?**

Die regering is die enigste aankoper van entstowwe en sal dit na die provinsiale regerings en private sektor versprei.

Almal wat ingeënt is, se name sal op 'n nasionale register geplaas en van 'n inentingskaart voorsien word.

Hierdie inligting is deur die Departement van Gesondheid verskaf.